

**N.G. Gemeente Vaalpark**

**Gebedsbulletin no 36**

**7 September 2025**

**Genade**
**Rom 3:22-30)**

Lank gelede het God ons deur Moses die wet gegee. Maar deur Jesus Christus het die genade en waarheid gekom (Joh 1:17) Die Lewende Vertaling
Om die genade van God goed te begryp, maak dit sin om eers te kyk na die betekenis van die woord. Genade is ‘n begrip wat uit die christelike geloof waarvan ons in die Bybel lees, ontstaan het. Dit word gebruik om ‘n besondere verhouding tussen mense te beskryf, waarin die een die gewer is en die ander die ontvanger. Vergifnis word gegee. Wanneer genade ter sprake is kan die ontvangende persoon nie op regte of verdienste aanspraak maak om daarvoor in aanmerking te kom nie. Genade vloei altyd uit die vrye, vrygewige wil van die gewer.
Presies so is die hart van ons God. Hy is die Gewer, wat selfs sy Seun vir ons gegee het. Dit is sy vrye keuse om vergifnis vir ons te gee. Hy gee wat ons nooit souk on verdien nie al sou ons hoe hard probeer. Ontvang dus maar net gewoon sy vergifnis en die kwytskelding van jou skuld. Deur die offer van Sy Seun, Jesus Christus, het Hy ons skuld van ons weggeneem deurdat Hy ons straf gedra het.
Verbeel jou jy moet in die hof verskyn. Daar staan jy. Skuldig, maar met berou. Dan hoor jy uit die mond van Jesus: Onskuldig. Jy’s vrygespreek! Wat ‘n gedagte!
Genade is die bonatuurlike hulp wat God aan die mens ter wille van Christus verleen om sodoende sy ewige bestemming te bereik. Hy gee bonatuurlike hulp in enige situasie.
Hy gee genade sodat ons ook vergifnis kan skenk. Ook al is dit onverdiend. So groei ons in genade.
Mag ons oë geopen word om die diepte van God se genade te begryp!

**Dankie!**

**Vir ons Here Jesus se wonderlike bonatuurlike hulp wat ons help om in genade te groei.**
**Deur Jesus Christus het die genade en waarheid gekom!**

**Gemeente en algemene voorbidding:**

- Vir ons predikante en hulle gesinne. Vir al die werksaamhede van ons gemeente.
- Vir ‘n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale
- geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir God se Koninkryk en Sy wil om in SA te geskied. Sý plan vir SA. Dat Sý Koninkryk en geregtigheid eerste gesoek sal word.
- Dat ons ‘n biddende gemeente sal wees, met ‘n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Vir ons jeug. Vir die kleuterskole, skole en universiteite, kolleges en ander onderigsentrums. Vir hulle veiligheid, goeie onderrig sisteme, en Christelike leiding.

**Gebedsversoeke**

| | |
|---|---|
| • Lottie Conradie | Hannah Bylsma |
| • Annie Brink | Tannie Rina van der Vyver |
| • Rudi Kruger | Bradley Bam |
| • Johnny Viviers | Juanita Rossouw |
| • Judy Roux | Baba Elliana Kotzé |
| • Leonie Kruger | Oom Monty Pienaar |
| • Jillian Jansen | Spokie Vorster |
| • Pierre Pienaar | Oom Piet Pretorius |
| • Marelize Harrison | Tannie Bettie Smit |
| • Marcel Holtzhausen | Tannie Nelie van Tonder |
| • James Vermaak | Rassie v Deventer |
| • Marina Visser | Marlie Holtzhauzen |
| • Piet Loggerenberg | Jan-Harm Pretorius |
| • Bets Botha | Janine Vorster |
| • Marius van der Westuizen | Ds Fritz Kotzé |
| • Laura Viegas | Natasja van Zyl |

**Gedagte vir die week**

**Jou slegte dae is nooit so sleg dat jy buite bereik van God se genade kan val nie;**
**Maar jou goeie dae is ook nooit so goed dat jy Sy genade nie meer nodig het nie.**
**Jerry Bridges**

**Gebedsversoeke aan:**

Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org